

17 Oktober

2 Timoteus 3:10-17 (3:16)

Die Bybel onderrig die waarheid

Die eerste van vier dinge waarvoor die Bybel bedoel is, is om ons in die waarheid te onderrig.

Waaroor onderrig die Bybel ons? Ons kan die Bybel vergelyk met 'n landskap, 'n landskap met heuwels en vallei en berge. Is daar in die Bybel 'n berg Everest? Is daar in die Bybel een waarheid wat uitstaan bo al die ander? Ja! Die berg Everest van die Bybel is God se daad van versoening met my en jou. Die hele Ou Testament is die voetheuwels wat al hoër en hoër opklim na hierdie een ontsaglike berg Everest-piek... en die res van die Nuwe Testament is die nuwe horisonne wat sigbaar word vanaf hierdie een ontsaglik berg Everest-piek. U sal sê: Maar ons weet dit! Dis nie nuus nie!

As ons dit werklik weet, waarom is daar so baie van ons wat weier om mekaar te vergewe? Waarom werk God se vergiffenis teenoor jou nie altyd deur na jou vergiffenis teenoor ander nie?

Waarom is 70 tot 80 persent lidmate in 'n deursnee gemeente se betrokkenheid nie na wense nie? As ons weet dat die buigende diensknegsgestalte van ons Here Jesus aan die kruis die berg Everest van die Bybel is, waarom weier ons dikwels om diensbaar te wees?

Waarom weier ons dikwels om meer te offer? As ons werklik weet dat die totale offer van Jesus aan die kruis die berg Everest van die Bybel is, waarom wys ons bydraes, ons offervaardigheid dit nie?

Aan elke gemeente-leier - predikant, ouderling, diaken, wyksuster, Bybelstudie-leier, kategeet: Is dit die waarheid waarmee jy onderig? Leef hierdie waarheid in jou hart? Want as dit nie in jou hart leef nie, dan sal dit ook nie leef in die harte van hulle vir wie jy onderrig nie.

Sing: Psalm 25:2

Ds. H.J. Vermeulen (Bloempark)